Januarie - Februarie 2026

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

Vol. 26, No. 1 Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Jan-Feb 2025 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## 'n Toekomsblik ná die verkiesing

Op 5 November 2024 het die Verenigde State vir Donald J. Trump beslissend verkies om die president te wees deur beide die *Electoral College* asook die meeste stemme. Baie van mnr. Trump se ondersteuners sien hom as 'n messiaanse figuur – 'n redder van die land. Hoewel meningspeilings getoon het dat driekwart van die Amerikaners voel dat hulle land op die verkeerde pad was, was baie Trump-kiesers nie noodwendig tevrede met hulle eie keuse nie. Gebaseer op anekdotiese bewyse, het 'n hele paar kiesers figuurlik "maar oë toegeknyp" toe hulle hom gekies en gestem het vir wat deur hulle beskou is as "die kleinste van twee euwels".

Wat kan ons dus oor die volgende vier jaar verwag? Kan die Trump-administrasie Amerika se probleme oplos? Een probleem wat géén president kan oplos nie, is Amerika se morele agteruitgang wat die kern van al die ander probleme is. Hebsug en 'n gebrek aan selfbeheersing is verantwoordelik vir 'n verbysterende nasionale skuld. Teen die tyd dat u hierdie artikel lees, sal die Amerikaanse nasionale skuld meer as $36 biljoen wees, 'n syfer wat teen 'n duiselingwekkende tempo aanhoudend klim.

Dit is maklik om politici te blameer en albei partye is skuldig hieraan maar dit is die kiesers wat politici beloon deurdat hulle mense met hulle eie geld omkoop. 'n Nasie wat veg vir die reg om sy babas dood te maak (die verskil tussen die twee partye kom dikwels neer op *wanneer* dit reg is om dit te doen) is nie reg volgens God nie en ook nie 'n nasie wat verslaaf is aan pornografie, owerspel, leuens, diefstal, geweld en elke ander soort sonde nie.

Die profeet Jesaja het meestal die huis van Juda aangespreek – die Jode van sy tyd gedurende die agtste eeu v.C. Sommige van sy profesieë was egter van toepassing op die noordelike huis van Israel en selfs heidense volke. Sy profesieë het ook 'n tweeledige aspek met 'n vorige vervulling asook 'n toekomstige eindtyd vervulling. Deur te verstaan hoe daardie profesieë deesdae op ons van toepassing is, kan ons uit die verlede leer hoe om die denke van God te verstaan.

**God se verstand en oordeel**

Baie mense beweer dat die V.S. 'n Christelike nasie is, maar dink egter daaraan hoe God deur Sy profeet ons hedendaagse wêreld akkuraat beskryf: "En die Here het gesê: Omdat hierdie volk nader kom met hulle mond en My eer met hulle lippe, terwyl hulle hul hart ver van My hou, sodat hulle vrees vir My 'n aangeleerde mensegebod is" (Jesaja 29:13). Beskryf dit nie ook die Verenigde Koninkryk en die Britse afstammelinge van Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika nie?

"Gaan nou in, skryf dit op 'n tafel in hulle teenwoordigheid en teken dit op in 'n boek, dat dit kan bly vir later dae, vir altyd, tot in ewigheid. Want dit is 'n wederstrewige volk, leuenagtige kinders, kinders wat die wet van die HERE nie wil hoor nie; wat aan die sieners sê: Sien nie! en aan die profete: Profeteer vir ons nie wat reg is nie; spreek vleitaal vir ons, profeteer bedrieëry; wyk af van die weg, buig af van die pad, laat die Heilige van Israel voor ons aangesig verdwyn!" (Jesaja 30:8-11).

Jesaja wys dan op God se denke en oordeel oor so 'n volk, tensy hulle hulle denkwyse verander:

"Daarom, so sê die Heilige van Israel: Omdat julle hierdie woord verwerp en vertrou op verdrukking en slinksheid en daarop steun, daarom sal hierdie skuld vir julle wees soos 'n los stuk wat wil val, wat oorhang in 'n hoë muur, waarvan die instorting heeltemal onverwags kom. Ja, Hy sal dit verbreek soos die kruik van 'n pottebakker verbreek word, wat sonder verskoning stukkend geslaan word, sodat by die brokstukke daarvan geen skerf

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe

**Voorblad**

**Persoonlik – 'n Toekomsblik ná die verkiesing**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**

**Wat die wêreld van Amerika nodig het** 3
*Wat Amerikaners ook al van hulle nuwe regering begeer, wát het die wêreld van die Verenigde State nodig?*

**O Kanada!**

**Klein dingetjies wat die wêreld verander** 8
*Ons lewens is verryk deur oënskynlik eenvoudige ontdekkings, somtyds so skynbaar alledaags dat ons versuim om hulle vernuftigheid raak te sien.*

**Dit is London wat roep**

**Die gesondheid van die nasie** 11
*Brittanje se gesondheidsprobleme behoort ons te herinner dat God se instruksies aan die antieke Israel deesdae nog van toepassing is.*

**Drie profesieë wat u lewe sal verander** 14
*Wanneer ons sien hoe profesieë wat jare gelede geskryf is gestalte aanneem, weet ons wat in die bladsye van u Bybel openbaar word, wel in die toekoms voorlê.*

**Nee, u is nie dom nie** 15
*Het u al ooit aan uself gedink as minder intelligent as ander mense?*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23

Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Wallace G. Smith
**Senior Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
PO Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6266
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
PO Box 465
London, ON N6P 1R1
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
PO Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
PO Box 8112,
Kettering, NN16 6YF
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Wat die wêreld van Amerika nodig het

*Wat Amerikaners ook al van hulle nuwe regering begeer, wát het die wêreld van die Verenigde State nodig?*

**Deur Wallace G. Smith**

Op 20 Januarie 2025 sal die magtigste land ter wêreld onder nuwe leierskap kom, aangesien Donald J. Trump vir die tweede keer as president van die Verenigde State van Amerika ingehuldig word. Dit veronderstel natuurlik dat niks tussen hierdie artikel se publikasie en die inhuldiging gebeur nie – 'n onsekere aanname in hierdie toenemend chaotiese wêreld, veral met 'n nuwe president wat twee sluipmoordpogings oorleef het terwyl hy bloot 'n *kandidaat* was.

Hierdie nuwe leierskap dra daarmee saam die hoop en drome van die miljoene wat daarvoor gestem het. Baie mense het tot die gevolgtrekking gekom dat die getalle wat stemme uitgebring het om vir mnr. Trump te stem, daarop neerkom om hom 'n mandaat te gee, hoewel die vorm en besonderhede van daardie mandaat 'n bietjie van 'n vraagteken is. Om die waarheid te sê wil die meeste mense die land se ekonomie in 'n gesonder toestand hê: Ten spyte van al die gepraat van goeie ekonomiese aanwysers, vind Amerikaners dat daardie "aanwysers" nie hulle beursies vol maak of hulle groterwordende rekenings betaal nie. Baie burgers wil sien dat die V.S. se grens strenger beheer word aangesien hulle bekommerd is oor wat hulle sien as 'n vloedgolf van onwettige immigrante wat finansiële hulpbronne gebruik wat in hulle eie behoeftes voorsien kon word. Ander mense is bekommerd oor die bewuswording van sosiale ongeregtigheid *["woke"]* agendas wat hulle in hulle skole sien – dikwels gelukkig om te "leef en te laat leef", maar wil nie hê dat ideologieë op hulle afgedwing word of in die besonder, in hulle kinders se denke gevestig word nie.

Die mees waarskynlike stelling wat 'n mens dalk oor die November-verkiesing kan maak, is dat Amerikaners besluit het dat hulle iets anders nodig het. Die weke en maande wat voorlê, sal verseker interessant wees om dop te hou.

Amerikaners sal nie die enigstes wees wat dit dophou nie. Amerika se verandering in regering sal veel meer doen as om die lewens van sy eie burgers te beïnvloed. Amerika is die wêreld se leier-nasie. Soos ons in "*The End of Pax Americana*" in ons Junie 2022 *Tomorrow's World* geskryf het, was die nasie se onbetwiste mag en gesag regoor die wêreld in staat om wêreldwye vrede en welvaart vir dekades lank ná die Tweede Wêreldoorlog te bevorder op vlakke wat ongehoord was in die menslike geskiedenis – selfs al was sommige van daardie vrede meer voorgee as realiteit.

Die V.S. hou steeds 'n kombinasie van mag, rykdom en invloed op wêreldsake wat geen ander nasie kan ewenaar nie of hulle nou werklik die onontbeerlike nasie was wat dit eens was of nie – indien Amerika 'n verkoue kry, nies die res van die wêreld. Veranderings in die V.S. beteken veranderings vir die res van die wêreld.

As dit die verwagtings is wat Amerikaners vir hulle nuwe regering het, wat is die verwagtings van die wêreld? Wat wil die wêreld van die Verenigde State hê? Nog belangriker, wat het die wêreld *nodig*?

## 'n Sak gemeng met hoop en vrees

Die antwoord sal verskil na gelang van watter leiers en watter nasies gevra word. Volodymyr Zelensky, president van die Oekraïne, smag sekerlik na Amerikaanse geld en militêre ondersteuning om steeds in sy oorlog-kiste te vloei. Intussen hoop sy teenstander, die Russiese president Vladimir Poetin, om 'n V.S.

president te vind wat meer simpatiek teenoor sy belange is en 'n vreedsame einde begeer wat hom in staat stel om die grondgebied wat hy in Oekraïne ingeneem het te behou asook om die aansien van sy nasie te behou.

In die Midde-Ooste vestig baie mense dalk hulle hoop op mnr. Trump se voorliefde vir "groot transaksies". Terwyl hy baie mense in die Arabiese wêreld kwaad gemaak het toe hy die V.S. ambassade na Jerusalem verskuif het, was die Abraham-ooreenkomste wat tydens sy administrasie onderteken is – wat Israel, Bahrein, Marokko, Soedan en die Verenigde Arabiese Emirate betrek het – sedertdien die mees wesenlike vredesooreenkoms in die streek sedert Israel se stigting in 1948. Sommige mense het selfs bespiegel dat Saoedi-Arabië se potensiële steun vir sulke vrede moontlik bygedra het tot Hamas se besluit om sy afskuwelike aanval op 7 Oktober 2023 uit te voer, met die hoop om chaos in die streek te veroorsaak en daardie vreedsame toenaderings te ondermyn. Baie mense in Amerika hoop nogtans dat mnr. Trump se administrasie sy vroeë pogings sal hervat en dalk selfs die Gasa-konflik sal beëindig.

In die Verenigde Koninkryk het eerste minister Keir Starmer in die verlede groot minagting teenoor mnr. Trump uitgespreek. Terwyl mnr. Starmer sekerlik hoop om Amerika en Brittanje se gevierde "spesiale verhouding" voort te sit, hoop hy ongetwyfeld dat die V.S. president hom by sy eie sake sal hou, terwyl mnr. Starmer en sy Arbeidskollegas poog om beleide vir die VK saam te stel wat meer in ooreenstemming is as wat 'n Harris-administrasie dalk na die Verenigde State sou gebring het.

Regoor Europa is leiers bekommerd oor mnr. Trump se "*America First*"-verklarings en wonder of langdurige Amerikaanse geldelike ondersteuning en beskerming sal begin opdroog. Indien wel, sal hulle dalk vind dat dit nodig is om die leemte te vul deur ooswaarts in plaas van weswaarts te soek vir nuwe alliansies en vennote.

Regoor die wêreld is nasies met nasionalistiese of populistiese leiers waarskynlik op soek na die nuwe administrasie om hulle eie pogings te ondersteun. Mnr. Trump het Argentinië se vryheidsgesinde, regeringsverminderende president Javier Milei, sy "gunsteling president" genoem en Amerika se invloed op die Internasionale Monetêre Fonds sal waarskynlik van groot belang wees vir mnr. Milei aangesien hy op soek is na befondsing vir sy nasie se toenemende behoeftes.

President Xi Jinping van China – aan die ander kant – is dalk versigtiger. Terwyl mnr. Trump gespog het oor sy verhouding met die leier van die nasie met die tweede grootste bevolking ter wêreld, sal sy belofte van 'n terugkeer na strawwe handelstariewe mnr. Xi baie belê in wat Amerika oor die volgende vier jaar verkies om te doen.

**Waarom Amerika?**

Die wêreld hoop en vrees terwyl dit wag vir die V.S. om weer te besluit watter soort nasie hulle werklik is. 'n Polisieman vir die wêreld? 'n Oorweldigende ekonomiese mag wat voorspoed vir almal bring? Is 'n nasie wat na binne gefokus is, onaangeraak oor die lot van diegene buite sy grense? Met al die verandering wat deur die inkomende administrasie beloof is, wag die wêreld angstig om te sien watter soort Amerika sal verskyn nadat die stof gaan lê het.

*Waarom* dan *Amerika?* Hoe het dit gebeur dat een nasie hierdie invloed in die wêreld het? Sulke vrae was voorheen ten opsigte van die Verenigde Koninkryk gevra, maar word nou aan haar voormalige koonie gevra. Die antwoord op daardie vrae – die ware rede vir die plek van prominensie wat die V.S. nou beklee – is heeltemal onbekend aan die wêreld se toonaangewende ekonome, geskiedskrywers en politici.

Daardie antwoord openbaar tóg wat die wêreld *werklik* van Amerika nodig het. Dit openbaar wat die nasie werklik kan doen om die toestand van die wêreld fundamenteel te verbeter, die lewenstandaarde van mense oral te verbeter, vrede te bring waar daar konflik is en verreikende hoop te verskaf aan 'n toenemend wanhopige mensdom.

Wat die wêreld se vernaamste kundiges nie weet nie, maar wat God aan ware Christene, Sy getroue dienaars openbaar, is dat die Verenigde State en ander nasies van Britse afkoms 'n oorvloed van God-gegewe seëninge ontvang het wat hulle nie verdien het nie, voordelige omstandighede wat

nie deur hulle geskep is nie en suksesse waarvoor hulle geen krediet kan ontvang nie. Waarom? Die rede is dat *God hulle met 'n doel uitgesonder het.*

Daardie nasies is erfgename gemaak van die seëninge wat God beloof het aan die antieke aartsvader Abraham, wat verbonde was aan die tien "verlore stamme" van Israel. Omstreeks 930 v.C. het die Bybelse nasie van Israel in twee verdeel. Die suidelike gedeelte, wat hoofsaaklik uit die stamme van Juda en Benjamin bestaan het, het die nasie van Juda geword – die Jode – die afstammelinge word gesien in die hedendaagse Joodse volk en die hedendaagse nasie van Israel. Die noordelike tien stamme het egter 'n aparte nasie geword, wat voortbestaan het onder die naam Israel – totdat dit uiteindelik vernietig is, in ballingskap geneem is en onder die nasies verstrooi is, omdat hulle God se Wette ontheilig het, gereeld Sy Sabbatte verbreek het en afgod-aanbidding aangeneem het (sien Eségiël 20).

Israel het God se Wette ontheilig, maar die beloftes wat Hy aan die aartsvader Abraham en sy nageslag gemaak het, was onvoorwaardelik (Génesis 22:16-18). Die ongehoorsaamheid van Israel en Juda sou veroorsaak dat Hy daardie seëninge vir 'n tyd lank sou uitstel, hoewel God *wél* Sy belofte vervul om daardie seëninge te skenk, gee Hy Sy volk nog 'n geleentheid om hulle harte aan Hom te openbaar – óf om te wys dat hulle hulle God waardeer, Sy weë sal volg en Sy begeerte vir hulle sal vervul of om weer teen Hom te draai in opstandigheid en eiesinnigheid.

Dit mag moeilik wees om te glo vir diegene van u wat dit nog nie in u eie Bybels bestudeer het nie. Ons het simpatie! Dit is egter die enigste verduideliking wat ooreenstem met die geskiedkundige opkoms van hierdie nasies en met die profetiese beloftes wat in God se onfeilbare Woord opgeteken is. Soos altyd doen ons 'n beroep op u om *nie* óns woord ten opsigte van hierdie saak te neem nie, maar om dit self na te vors in u eie Bybel. Versoek asseblief ons gratis hulpbron *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika*? of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*. Dit sal u bo alle twyfel oortuig dat die *rede* waarom die V.S. en die Britse volk die magtigste nasies in die menslike geskiedenis geword het, *nie* is wat die akademiese en politici vertel nie. Dit is *nie* te wyte daaraan dat Amerika op een of ander wyse "beter" as alle ander nasies is nie – soos wat kenners van "*American Exceptionalism*" sal beweer. Dit is ook nie as gevolg van hartelose en onderdrukkende kolonisering en uitbuiting soos "progressiewes" sal beweer nie. Die waarheid is aangeteken in u Bybel en dit is nodig dat u dit self verstaan en dit aan uself bewys! Wanneer u dit verstaan, word dit glashelder wat die wêreld *werklik* van Amerika nodig het – hoevéél ons ook al


## God se Kerk deur die eeue

***God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat "die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie" (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.***

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

mag wanhoop dat Amerika werklik daardie behoefte sal vervul.

**God se eie begeerte vir die Verenigde State**

Kom ons kyk na die antieke begin van die Israelitiese nasie om beter te verstaan. God *verander nie* (Maleági 3:6) en Sy roeping en doel vir 'n volk verdwyn nie – inderdaad, dit is onherroeplik (Romeine 11:29). Die Ewige sê Hy sal *verseker* dat Sy planne uitgevoer word! Soos Hy deur Jesaja verklaar: "... so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur" (Jesaja 55:11).

Wat was God se doel met antieke Israel? Sy dienaar Moses het verduidelik:

> "Kyk, ek het julle insettinge en verordeninge geleer soos die HERE my God my beveel het, om so te handel in die land waarheen julle gaan om dit in besit te neem. Onderhou dit dan en doen dit; want dit is julle wysheid en julle verstand voor die oë van die volke wat al hierdie insettinge sal hoor en sê: Waarlik, hierdie groot nasie is 'n wyse en verstandige volk.
> Want watter groot nasie het gode wat vir hulle so naby is soos die HERE onse God so dikwels as ons Hom aanroep? En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou?" (Deuteronómium 4:5-8).

God het begeer dat antieke Israel 'n baken van hoop vir die nasies van die wêreld sou wees – nié vir die vryheid van spraak of godsdiens, sy vryemarkkapitalisme, sy multikulturalisme of sy politieke filosofieë nie.

Die Ewige het eerder gestreef na 'n nasie om 'n skitterende voorbeeld te wees van die seëninge wat voortspruit uit die *volle aanvaarding* van die Skepper van die heelal en Sy Wette, Sy leiding en Sy lewenswyse en van die voorreg om Hom tussen hulle te laat woon om hulle Sy eie spesiale mense te maak.

**Het die V.S. al ooit daardie doel verwesenlik?**

Sommige mense mag dalk glo dat "*Uncle Sam*" daardie verhewe doel in die verlede vervul het en dat dit nodig is om sy ou waardes te aanvaar om daardie doel weer te vervul. Amerika se toewyding aan vryemarkkapitalisme het immers sy burgers se lewenstandaard tot so 'n mate verhoog dat miljoene desperate migrante van regoor die wêreld probeer om die grens na die V.S. oor te steek op enige manier wat moontlik is – wettig of onwettig.

Nasies regoor die wêreld het probeer om Amerika se ekonomiese sukses na te volg met hulle eie benaderings op kapitalisme en vryemarkstelsels. Terselfdertyd, het die Amerikaanse styl van vryemark-kapitalisme opgedirkte verbruikerspassie en hebsugtige winssoekende uitbuiting in die posisie van beheer van nasionale kultuur geplaas. Enigiets wat geld kan genereer – of dit nou sosiale opheffing van rykdom of dekadente kultuurgif is – wat die ratte van industrie laat draai, gereed om verbruikers te voed wat ook al hulle vleeslike harte begeer, met géén besorgdheid ten opsigte van die uitwerking op sedes, waardes, fisiese en geestelike gesondheid of die einste karakter van die bevolking nie.

Die grondbeginsels van radikale individuele vryheid in die hart van die "Land van Vryheid" het die mense wat na vryheid soek regoor die wêreld geïnspireer, wat in skrille kontras staan met die vervolging en gesentraliseerde beheer wat miljarde mense verpletter het wat onder onderdrukkende regimes geleef het. Daardie selfde beginsels van "vryheid" het die opkoms van selfvernederende leefstyle en die toename van verdraaide subkulture moontlik gemaak wat die sedes en samelewingstruktuur van mense en nasies regoor die wêreld vernietig.

Amerika se gesogte regte op vryheid van spraak maak die verkondiging van die Evangelie deur hierdie tydskrif vanaf ons hoofkantoor in Noord-Carolina moontlik – 'n vryheid wat ons by die *Wêreld van Môre* waardeer en waarvoor ons God dank, omdat ons eerste-

hands weet hoe moeilik dit kan wees om die ware Evangelie aan baie ander nasies te verkondig. Op stuk van sake bly dit waar dat Amerikaanse instellings steeds meer Bybels aan die wêreld versprei as dié van enige ander nasie hoewel die oorgrote meerderheid van daardie Bybels nou in China gedruk word. Daardie selfde reg op vryheid van spraak dra egter ook by om die V.S. die wêreld se grootste vervaardiger van pornografie te maak. Die impak van daardie Bybels verminder in vergelyking met die giftige en tragiese impak van net 4 persent van die menslike bevolking wat meer as 'n kwart van die wêreld se video-vieslikhede vervaardig en huisves *60 persent* van alle pornografiese webwerwe.

Nee, die Verenigde State van Amerika het *nie* God se doel vervul nie. Dit het nog *nooit* nie. In plaas daarvan om bo-op 'n heuwel te skyn as 'n voorbeeld van God se Wette en liefde in aksie, is die nasie 'n voorbeeld van net nog 'n land wat eet van die boom van die kennis van goed en kwaad, alles terwyl hy die onverdiende seëninge van sy voorvader Abraham geniet. Amerika het nie God se manier van lewe uitgeleef nie – hulle leef volgens die *Amerikaanse* lewenswyse. Diegene wat nie die werklike verskille tussen die twee lewenswyses kan sien nie, is diep verward.

**Wat die wêreld waarlik van Amerika benodig**

Dus, op hierdie oomblik van oorgang vir die magtigste land ter wêreld, wat het die res van die wêreld werklik van hulle *nodig*? Wat kon die V.S. doen wat nie net die grootste voordeel vir ander nasies sou bied nie, maar ook homself op die beste moontlike manier dien?

*Bekeer*. Eenvoudig en maklik.

Nie 'n *skyn* van bekering nie. Nie 'n oppervlakkige "ons behoort beter te doen" nie. Nie 'n gedeeltelike bekering waar sekere Bybelse waardes "herontdek" en aanvaar word, terwyl ander tersyde gestel word as teenstrydig met Amerikaanse idees van diversiteit en persoonlike vryheid nie. Nee – algehele, grens-tot-grens *terugkeer na God en verwerping van sonde*. Nasionale bekering op gelyke voet soos met Jona 3:5-10. Die ware Jakob.

Die wêreld het die V.S. nodig om sy *ware* oorsprong te herontdek – oorsprong wat baie verder teruggaan as 1776, 1619 en selfs 1492. Dit is nodig om die ware bron van sy seëninge te herontdek – die nederige gehoorsaamheid van Abraham en om dan die enigste pad ten volle te aanvaar om daardie seëninge sonder onderbreking te behou: Heelhartige en volkome gehoorsaamheid aan die God wat vir die land gesorg het en onwrikbare onderwerping aan Sy opperheerskappy.

Gedurende die dae van koning Salomo, ná die inwyding van die tempel, het die Ewige God 'n paar kragtige woorde wat dikwels aangehaal word, met die koning gespreek, maar dit word selde volledig aangeneem: "As Ek die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as Ek pes onder my volk stuur, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees" (2 Kronieke 7:13-14).

Die probleme, beproewings en laste wat die V.S. in die gesig staar, is nie fundamenteel ten opsigte van beleid en politiek nie – hoewel sulke faktore sekerlik 'n rol speel. Dit is eerder te wyte aan die mense se hardnekkige onwilligheid om hulle – totaal en sonder voorbehoud – tot God te wend, tot die God wat hulle geskep het en die Verlosser Wie vir hulle gesterf het. Dit is te danke aan Amerikaners se verslawing aan eie wil – hulle gewilligheid om die naam "Christen" te koppel aan 'n verskeidenheid en chaotiese reeks oortuigings en gebruike wat min of geen verbintenis het met wat Jesus Christus sélf ingestel het toe Hy Sy kerk gevestig het nie.

Die grootste enkele verandering wat die Amerikaanse volk sou kon maak, tot voordeel van die nasies van die wêreld, sou wees om hulle na Jesus Christus, die Seun van God, te wend, in volslae en volkome bekering, met 'n nuutgevonde passie vir gehoorsaamheid en met harte wat heelhartig toegewy is aan die saak van die Ewige. Die V.S sou dan nie net die voorbeeld word

*Vervolg op bladsy 22*

O Kanada!

# Klein dingetjies wat die wêreld verander

Deur Stuart Wachowicz

**Ons is geneig om baie opgewonde te raak oor groot gebeurtenisse of nuwe uitvindings,** veral dié wat ingewikkelde moderne toestelle behels. Ons is verstom oor nuwe vliegtuie, duikbote en onbemande vuurpyle wat hulleself na die aarde kan laat terugkeer. Ons verwonder ons oor die toenemende kragtige vermoëns van rekenaars. Baie hiervan is werklik verstommende ontwikkelings waarvoor hulle uitvinders en ingenieurs tereg lof toegeswaai word. Die meeste van hierdie gesofistikeerde uitvindings beïnvloed tog nie ons daaglikse lewens direk nie.

Ons lewens word egter daagliks verryk deur 'n magdom skynbaar *eenvoudige* produkte, dikwels oënskynlik so alledaags in die ontwerp daarvan dat ons gewoonlik nalaat om die genialiteit daaragter raak te sien. Hierdie ongesofistikeerde toestelle, wat dikwels as "klein dingetjies" beskou word, maak tog uiteindelik 'n groot *verskil in ons alledaagse roetines.*

## Op 'n rol

Neem in ag dat, voor 1940, mure en plafonne van 'n huis heeltemal met 'n kwas geverf moes word. Hierdie arbeid en vaardigheid het tot gevolg gehad dat baie mense nie die werk self gedoen het nie maar verkies het om professionele verwers te huur. Baie mense is deesdae onbewus daarvan dat 'n inwoner van Toronto omtreeks 1940 'n groot verskil gemaak het met 'n oënskynlik eenvoudige uitvinding. Norman Breakey het nogtans as onbekende gesterf – sy werk het later aandag gekry. Die tekstielstofverkoper, Tom Hamilton, het 'n gesprek onthou wat hy in 1939 met Breakey gehad het, terwyl hy 'n nuwe uitvindsel ondersoek het:

> Hy (Breakey) was 'n man met wit hare wat baie doelgerig was. Hy wou my opinie hê oor die beste soort materiaal wat 'n stywe borselagtige tekstuur het. Ek het gevra vir watter doel en hy het gesê: "Dit is om verf te kan aanrol". Dit het vir my nogal kopkrap gekos, maar hy het vasberade voortgegaan en vir my iets beskryf met 'n handvatsel in die vorm van 'n "7" wat dan aan 'n karton, tekstielbedekte silinder sou kon heg. "Indien my teorie reg is, sal hierdie ding 'n rewolusie in verfwerk in Kanada tot gevolg hê", het hy gesê ("*The Inventor From Pierson,*" *Heritage Explorer, Vantage Points.ca*).

Breakey het sy nuwe produk plaaslik op klein skaal vervaardig, maar het nie genoeg van hierdie nuwe "verfrollers" vervaardig om sy patent te beskerm nie. Gevolglik het ander vervaardigers die idee gekry en hulle eie weergawes geskep en so het 'n werknemer van Sherwin-Williams, naamlik Richard Croxton Adams, kort voor lank 'n Amerikaanse patent verkry. Breakey se naam is nie juis bekend nie, hoewel sy eenvoudige uitvinding inderdaad 'n omwenteling in die proses van verfwerk tot gevolg gehad het. 'n "Klein dingetjie" het grootliks bygedra om mense se lewens makliker te maak (*"The Canadian invention that put painters on a roll," The Toronto Star,* 28 Junie 2022).

## Rits vorentoe

Dink aan 'n ander uitvinding wat ons daagliks gebruik. Waarskynlik dink ons nooit aan die werk wat gedoen is om dit uit te vind of besef nie watter enorme verskil dit in die lewens van mense regoor die wêreld maak nie. Dink aan die "ritssluiter".

'n Verskeidenheid hegmiddels word op ontelbare wyses gebruik. Dit hou velle

papier bymekaar, hou deksels op houers, hou masjinerie behoorlik aanmekaar en is noodsaaklike items wat deel is van ons klere. Mense het eeue lank na beter maniere gesoek om dinge aanmekaar vas te maak.

'n Amerikaanse uitvinder met die naam Elias Howe, wie die eerste werkende model van 'n slotsteek-naaimasjien in die vroeë 1800's uitgevind het, het later gewerk aan maniere om 'n materiaalhegstuk te maak wat vinnig toe- en oopgemaak kon word. In 1851 het hy, wat hy genoem het die "Outomatiese, deurlopende kleresluiter" gemaak, maar hy was nooit in staat om 'n betroubare werkende model te skep nie. In 1893 het Whitcomb Judson, 'n uitvinder van Chicago, voortgebou op hierdie ontwerp toe hy 'n taamlik ingewikkelde ritsagtige item uitgevind het wat hy 'n *"Clasp Locker"* genoem het en wat selfs by die *Chicago World's Fair* vertoon is. Die item moes egter verbeter word en een van Judson se sakevennote het die *Universal Fastener Company* gestig om die item te verbeter en te verkoop onder die naam "*Judson C-curity Fastener*".

Hierdie taak was ingewikkeld en uitdagend en daarom het die maatskappy vir Gideon Sundback, 'n Sweeds-gebore elektriese ingenieur gehuur. Na baie werk het Sundback die ingenieurs-uitdaging se probleem opgelos en die ritssluiter uitgevind wat ons nou ken as die hedendaagse ritssluiter, oorspronklik genoem die "*Separable Fastener*". 'n Patent is in 1917 geregistreer en Sundback het ook 'n masjien uitgevind om sy hegstuk te vervaardig. Die naam "ritssluiter" was in 1924 deur die *B. F. Goodrich Company* geskep nadat dit die hegstuk op sy rubber-oorskoene aangebring het – ("*Zipping Down History*," *FashionHistoryMuseum.com*, 6 September 2022).

Sundback het die internasionale regte vir die uitvinding aan 'n Britse maatskappy verkoop, wat 'n Kanadese filiaal met die naam *The Lightning Zipper Company* gestig het. Sundback het as president gedien tot sy dood in 1954. Hy het sy fabriek in St. Catherines, Ontario, gevestig en gereeld daarheen gereis om toesig daaroor te hou ("Otto Frederick Gideon Sundback – *Inventor of the First Modern Zipper*," *IngeniumCanada.org*, 30 Junie 2017).

Baie min uitvindings in die menslike geskiedenis het só 'n impak op die daaglikse lewe gehad as die nederige ritssluiter. Dit word op allerhande kledingstukke, tasse en tente gebruik en dit spog met byna onbeperkte kommersiële en industriële toepassings.

**Op stuk van sake is dit nie so nietig nie**

Albei hierdie uitvindings is maklik om oor die hoof te sien of as vanselfsprekend te aanvaar, asof ritssluiters en verfrollers nog altyd deel van die samelewing was. Die skepping daarvan het tog verbeelding, ontwerp en deursettingsvermoë vereis deur die toets-en-tref-metode. Die resultaat van daardie harde en kreatiewe werk is twee alledaagse items wat ons nou oneindig baie sou mis indien dit skielik nie meer beskikbaar sou wees nie. Dit is twee oënskynlike "klein dingetjies" wat byna almal se lewe eenvoudiger en beter maak. Dit help om ons lewens van die moeisame en alledaagse na iets makliker, aangenamer en meer


# Is Kersfees Christelik?

***Ons sien die toneel elke jaar ... versierde bome, immergroen kerskranse en helder liggies. Somtyds is daar 'n kerstoneel in die hoek wat 'n klein kindjie uitbeeld wat 'n groot aantal geskenke kry. Nogtans word die meeste geskenke aan kinders, familie en vriende deesdae geskenk deur skuldbelaaide volwassenes wat probeer om mekaar te oortref betreffende die nuutste modegier of stokperdjie.***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te bekom!

bevredigend te verander.

Dieselfde kan gesê word van die baie klein dingetjies wat elkeen van ons kan doen om iemand anders se dag te verbeter. 'n Bemoedigende glimlag, 'n vriendelike woord of groet, 'n beleefde gebaar of 'n nuttige daad – al hierdie dinge dra by tot die verbetering van die kwaliteit van iemand anders se dag asook ons eie. Sulke oënskynlik klein gebare soos ons interaksie met vriende, kollegas, werkgewers, kliënte, vreemdelinge en veral ons gesinne, dra by tot vrede en bevrediging vir onsself en ander mense.

> "Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. En *beklee julle* bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is. En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar" (Kolossense 3:12-15).

Wanneer ons mense beleef behandel, vir hulle glimlag en vriendelikheid betoon, kan dit dalk na nietige gebare lyk en in 'n sekere sin is dit so. Dit is egter ook kragtige dade vol impak wat 'n veranderde verskil kan maak in 'n wêreld waar hoflikheid en sagmoedigheid vinnig besig is om te verdwyn. Trouens, dit maak 'n baie groter verskil as 'n verfroller of 'n ritssluiter om oomblikke van geluk in 'n mens se lewe te bring.

Ons as Christene is geroep om ambassadeurs vir Jesus Christus te wees (2 Korinthiërs 5:20). Laat ons dus nie geleenthede laat verbygaan om selfs kortstondige bemoedigende geleenthede in die lewens van ander mense te bied nie. Klein dingetjies maak 'n verskil om die samelewing vandag 'n bietjie beter te maak – en môre báie beter. WvM


# Watter Dag is die Christelike Sabbat?

Hierdie LEWENSBELANGRIKE onderwerp is *veel gewigtiger* as wat meeste mense besef!

Dit sal bepaal of u regtig die ware God – die Skepper – ken, of nie. Trouens, dit gaan 'n direkte uitwerking hê op u toegang tot die ewige lewe in God se Koninkryk wat binnekort kom!

Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie noodsaaklike en insiggewende boekie te ontvang!

# Die gesondheid van die nasie

## Deur Peter G. Nathan

Die Verenigde Koninkryk se Nasionale gesondheidsdiens wat in 1948 deur die na-oorlogse Arbeidersregering gestig is en wat wêreldwyd bekend staan as die *"NHS"* het een van die land se mees gewaardeerde bates geword – 'n "heilige koei" waarmee politici tot hulle eie nadeel peuter. Gereelde *Wêreld van Môre*-lesers onthou dalk ons artikel in die Mei-Junie 2019-uitgawe, *"Die NHS: Onbevoeg vir diens?"*, waarin ons die geskiedenis daarvan aangespreek het asook die uitdagings wat dit in die gesig staar. Daardie artikel was geskryf voor die COVID-19-pandemie, waartydens dit 'n top prioriteit van politici was om die *NHS* te red.

Die *NHS* staar steeds groot uitdagings in die gesig. Baie Britte betreur die lang en toenemende wagtye vir behandeling in die ongevalle eenhede. Sedert 2018 het die aantal mense wat meer as vier ure vir behandeling wag, van net meer as 10 persent tot ongeveer 24 persent gestyg. Waglyste het van 3 miljoen mense tot meer as 7,5 miljoen mense toegeneem – met inbegrip van diegene wat op kankerbehandeling wag. Die uitdagings wat ons in ons 2018-artikel beskryf het, het net toegeneem en dit word al hoe duideliker dat die *NHS* nie aan die gesondheidsbehoeftes van inwoners van die VK kan voldoen nie. Die skep van programme om verouderde hospitale te verbeter of te vervang met die doel om in die behoeftes van die een-en-twintigste eeu te voorsien, administratiewe opgraderings om digitale rekordhouding te implementeer, personeelbehoeftes en te veel rompslomp bestuurstrukture wat nie op pasiënte se behoeftes fokus nie, is alles uitdagings wat dringende aandag vereis. Hierdie uitdagings word nogtans oorskadu deur die enorme probleme wat veroorsaak word deur die swak gesondheid van Britse burgers.

Vetsug vier hoogty onder die jongmense. Staatskole het grootliks die befondsing van sport en fisieke aktiwiteite laat vaar aangesien onderwysbegrotings nie kan bekostig om dit te finansier nie. Liggaamlike opvoeding wat noodsaaklik is vir jong liggame en siele, het die behoud van fooi-vereiste skole geword wat die meeste Britte nie kan bekostig nie. Deesdae word 25 persent van Engeland se bevolking as vetsugtig beskou, terwyl meer as die helfte van die bevolking van Skotland as oorgewig beskou word.

In die Britse samelewing ontbreek dit meer as ooit tevore aan 'n behoorlike begrip van 'n gesonde dieet en kennis van wat tot goeie gesondheid lei. Britte is oor die algemeen gekant teen die idee om goeie eetgewoontes aan te leer. Baie kortsigtige mense sien regering-inisiatiewe om die inname van suiker te beperk as inmenging wat gemotiveer word deur wat hulle spottender na verwys as 'n "kinderoppasser"-houding. Pogings om ultra-geprosesseerde voedsel te ontmoedig – items wat oral beskikbaar is in elke winkel en supermark – word verontagsaam. Vetsug verhoog egter die voorkoms van tipe 2-diabetes, wat aansienlike druk plaas op die *NHS*. Sommige beramings bereken die koste van vetsug in die VK so hoog as £58 miljard of US$73 miljard *("Nine major challenges facing health and care in England," The Health Foundation*, *Health.org.uk*, 3 November 2023). Om hierdie enkele koste in perspektief te plaas, is dit ongeveer twee keer die kapitaal investeringstekort van die *NHS* gedurende die jare 2010-2019.

Huidige beramings verwag 'n toename van 49 persent in VK diabetesgevalle tussen 2019 en 2040. Volgens die Britse liefdadigheidsorganisasie *Diabetes UK* dui skattings selfs deesdae daarop dat meer as 5,6 miljoen Britte met diabetes leef. Dit beteken dat meer as 8 persent van die bevolking aan diabetes ly. Hartversaking is die enigste gesondheidsprobleem met 'n groter beduidende toename wat in daardie tydperk verwag word.

Bykomend tot hierdie ellendes waarmee Britse

burgers te kampe het, staar die land se toenemende immigrante-gemeenskappe groot uitdagings in die gesig om te probeer aanpas by 'n nuwe en dikwels baie verskillende voedselvoorraad. 'n Toename in gewig en 'n toenemende voorkoms van diabetes onder Suid-Asiatiese immigrante word toegeskryf aan hierdie nuwe immigrante se probleme om aan te pas by voedsel wat in die VK beskikbaar is.

**'n Gebrek aan fokus**

Die oorweldigende *NHS* hoef nie 'n alles-verterende en steeds groeiende monster te wees wat 'n steeds groter deel van die nasie se beperkte hulpbronne opeis nie. Daar is 'n baie eenvoudiger oplossing vir die probleem. Henry Dimbleby, die voormalige regering se "voedsel-tsaar" wie in 2023 bedank het uit protes teen die Konserwatiewe Party se gesondheidsorg-beleid het opgemerk dat daar verwaarloosde openbare gesondheidstrategieë is waarop die regering behoort te fokus. Volgens 'n artikel in *The Times* van 7 November 2024, het Dimbleby opgemerk dat die huidige regering se benadering tot vetsug deur mediese ingryping is wat inspuitings vir gewigsverlies insluit, eerder as om mense te oortuig om te oefen en gesonde voedsel te eet. Hy het 'n versoek gerig dat swak diëte hanteer word soos wat rook nou op openbare vervoer en in ander openbare plekke hanteer word.

Is dit 'n realistiese doelwit? Ja, dit is. Samelewings kán verander, soos Dimbleby aan 'n groep verbaasde jongmense verduidelik het dat sigaretrook op 'n stadium algemeen op die Londense moltrein was – sedert 1985 is dit 'n rookvrye sone. Ongelukkig het rook nie verdwyn nie en dit bly 'n hoofoorsaak van gesondheidsprobleme. "Rook, swak dieet, 'n gebrek aan fisiese aktiwiteite en skadelike alkoholgebruik is die grootste risikofaktore van voorkombare swak gesondheid en sterfgevalle in die VK" (*Health.org.uk*). Rook is op verskeie plekke regoor die VK verbode terwyl dit steeds gedoen word. Damprook [vaping] het 'n beduidende verslawing geword – veral vir jongmense.

Kwessies in verband met geestesgesondheid is nóg 'n toenemende koste wat werkgewers en die *NHS* in die gesig staar. Daar word klaarblyklik min oorweging geskenk aan die nasie se dramatiese toename in kwessies van geestesgesondheid. Een ooglopende faktor is eensaamheid wat dikwels verband hou met die toenemende gebruik van sosiale media. COVID-19-inperkings het hierdie probleem vererger. 'n Ander onder-liggende oorsaak is egter die gebrek aan standaarde en norme binne die samelewing – dit is toenemend onaanvaarbaar in 'n samelewing waar "enigiets aanvaarbaar" is. Hierdie morele afwyking voeg spanning by, nie net met die verwarring wat dit meebring nie, maar in die eise wat dit op individue plaas om besluite oor hulle lewens te neem wat hulle nie geleer is om te doen nie – ook terwyl hulle beginsels kort wat hulle kan toepas.

Terwyl siektes en verwaarlosing te veel jongmense te vroeg laat sterf, kom diegene wat wel tot 'n ryp ouderdom leef – dikwels as gevolg van aansienlik verbeterde higiëne oor die afgelope jare – voor nog 'n kwessie te staan wat aandag verg: Versorgingsoorde vir diegene wat aan ouderdomsverwante kwale ly, veral dié met een of ander vorm van demensie. Die vraag na versorgers vir bejaardes neem dramaties toe en plaas druk op reeds beperkte menslike hulpbronne.

**Die ontbrekende element**

Die profeet Hoséa het dit betreur en gesê: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis" (Hoséa 4:6). Die Skrif verskaf lewensbelangrike inligting wat ons oor alle fasette van die lewe kan inlig, maar tog volg die meeste mense in die VK in die voetspore van hulle Israelitiese voorouers deurdat hulle die God van Israel asook die kennis wat Hy aan ons gegee het, verwerp. Die hedendaagse VK is in wese 'n ná-Christelike samelewing – God het nie meer 'n aktiewe plek in die denke van die leiers of burgers nie. Soos die Israeliete in die tyd van Hoséa, het die mense van die VK hulle God vergeet.

Deur die vestiging van Israel as 'n model-nasie, toe Hy die Israeliete uit Egiptiese ballingskap gebring het, het die God van Israel instruksies aan Sy volk gegee aangaande gesondheidskwessies –

# Die Tien Gebooie

*Die hedendaagse "moderne" samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie. Is daar mee "weggedoen" deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit in openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir "verligte" mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou? Koning Dawid sê: "Hoe lief het ek u wet" en noem dit volmaak; die apostel Paulus noem dit heilig, regverdig en goed; Jesus eer, vervul en gehoorsaam die Tien Gebooie en gebied ook gehoorsaamheid daaraan. Vir die meeste mense bly die Tien Gebooie egter 'n raaisel wat nooit verstaan is nie. Hierdie boekie verduidelik in maklike terme hierdie onverbiddelike lewende Wet wat binnekort die basiese Wet sal word van die toekoms se vreedsame, voorspoedige, vreugdevolle wêreld!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!


***Vervolg van vorige bladsy***

lewensbelangrike beginsels wat deesdae net so geldig is soos wat dit was toe Hy dit meer as drie millennia gelede aan hulle gegee het. Gesondheid en welstand van die gemeenskap is sentraal tot die lewe wat God vir Sy mense wou hê. Beginsels van kwarantyn, netheid, behoorlike dieet en aanbevole gebruik van seks word in die bladsye van die Skrif uiteengesit. Dit is nie primitiewe idees van 'n rondtrekkende volk nie – dit is eerder die manier wat ons Skepper ontwerp het vir Sy mense om volwaardige en gelukkige lewens te lei. Besonderhede van hierdie instruksies word ondersoek in ons gratis boekie, *Bybelse beginsels van gesondheid*. Versoek u gratis eksemplaar vandag by die streekkantoor naaste aan u. Die lys van kantore verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif of lees dit aanlyn by wvm.co.za. WvM


# Satan se vervalste Christendom

***Die verstommende boodskap in hierdie boekie sal u raak in die jare wat binnekort voorlê en dit sal ook 'n uitwerking op u ewige toekoms hê!***

***Dit is lewensbelangrik.***

***Hierdie inligting is vir baie eeue onderdruk, maar dit is inligting waarvan u kennis behoort te dra!***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te ontvang!

# Drie profesieë wat u lewe sal verander

## Deur Gerald E Weston

*Wanneer ons sien hoe profesieë wat jare gelede geskryf is gestalte aanneem, weet ons wat in die bladsye van u Bybel openbaar word, wel in die toekoms voorlê.*

Die Verenigde State van vandag is verdeel tussen die jubelendes en die moedeloses. "*Make America Great Again*" (MAGA). Republikeine maak staat op hulle held om die gemors in Amerika – en die wêreld – op te los. Hulle glo dit is veroorsaak of ten minste aangemoedig deur die vorige administrasie. Intussen was baie kiesers wat teen mnr. Trump se verkiesing gekant was, ontsteld oor sy oorwinning, sommige van hulle het terapie nodig gehad. Verskeie sosiale media-beïnvloeders het vroue aangeraai om hulle hare te skeer en hulle mans en kêrels "te vermy". Diere vir emosionele ondersteuning was ook in groot aanvraag.

In die lig daarvan, wat lê vir Amerika en die wêreld voor? Sal daar in die volgende paar jaar vrede in die Midde-Ooste wees, inflasie afneem en Amerika weer magtig word, soos baie mense glo? Sal die land dalk in 'n fascistiese diktatorskap verval, soos ander mense vrees? Anders as om te wag en te sien, hoe kan ons weet? *Die Wêreld* van Môre kan nie elke vraag oor die toekoms beantwoord nie, maar ons kan 'n paar vrae beantwoord deur ons na die bladsye van die Bybel te wend.

Ongelukkig, sodra sommige mense die woorde *Bybel* of *God* hoor, "skakel hulle dadelik af". Na alles kan 'n mens tog niks uit die Bybel bewys nie en ná Darwin, wie glo in God?

Sulke gesindhede is egter kortsigtig en selfs gevaarlik. Mense wat nog nooit die Bybel gelees het of ondersoek het met betrekking tot die geskiedenis nie, het geen idee hoe akkuraat daardie uitsprake is wat die toekoms aanbetref nie. Nie alle Bybelse profesieë word maklik verstaan nie, maar wat wel verstaan kan word, behoort nooit verontagsaam te word nie. In hierdie artikel sal ek drie van die Bybel se maklik verstaanbare profesieë verduidelik. Twee daarvan vind tans plaas en die derde is een om dop te hou, want dit sal sekerlik plaasvind – byna sekerlik in die leeftyd van die meeste van ons lesers.

### Geen vrede vir die Midde-Ooste nie

Terwyl ek hierdie artikel skryf, bly die Midde-Ooste in beroering. Wyle Richard Ames, wie vir dekades lank gedien het as hierdie tydskrif se Redaksionele Direkteur en as 'n *Tomorrow's World*-televisie-aanbieder, het geskryf: "Die Midde-Ooste is al dekades lank in beroering en baie mense wat wêreldnuus volg wonder wat volgende sal gebeur. Baie min mense besef werklik dat Bybelprofesie *vooraf* die ontsaglike gebeure verduidelik wat sal lei tot groter konflik en groter rampe in dié streek – wat uiteindelik sal lei tot die Derde Wêreldoorlog en dan die Wederkoms van Christus" *(Die Midde-Ooste in Profesie, bl. 1)*. Ja, wat in die Midde-Ooste gebeur, *sal* u en u geliefdes raak.

Die eerste Trump-administrasie was in staat om iets te doen wat niemand gedink het moontlik was nie: Dit het waarlik gelyk of vrede in die Midde-Ooste *sou aan*breek met die ondertekening van die Abraham-ooreenkomste, 'n reeks ooreenkomste om verhoudings tussen Israel, die Verenigde Arabiese Emirate, Bahrein en Marokko te normaliseer – met die vooruitsig dat ander Arabiese state ook sou volg en teken. Hierdie proses het voortgegaan tot en met die Biden-administrasie en dit het gelyk of Saoedi-Arabië en Israel op pad was om verhoudings te normaliseer. Daar vind toe op 7 Oktober

*Vervolg op bladsy 21*

# Nee, u is nie dom nie

## Deur Phil Sena

Het u al ooit aan uself gedink as minder intelligent as ander mense? Het ander kinders by die skool u "dom" genoem? Hoe het dit u laat voel met betrekking tot u vermoë om te leer en as 'n goeie student beskou te word? Het daardie gevoelens u tot in volwassenheid bygebly?

Ek ken iemand wat in graad een "teruggehou" is en vir die res van sy skoolloopbaan met die stigma geleef het dat hy akademies "stadig" is. Ja, hy het gesukkel met klasse wat op lees en skryf gefokus het. Ek verseker u dat hy *nie* dom was nie. Hy het bogemiddelde kunstige vaardighede gehad en hy is steeds een van die kreatiefste mense wat ek ken. Hy was ook 'n uitstekende atleet wie uitgeblink het as agterspeler in voetbal en een van die skool se vinnigste hardlopers op die veld geword het.

Dalk ken u iemand soos hierdie of dalk is dit soortgelyk aan u eie storie. Baie mense, word as "dom" of "stadig" bestempel en word as minderwaardiger as ander "beter" studente beskou, bloot omdat hulle nie in sekere vakke op skool uitblink nie.

Is hulle regtig "dommer"? Is hulle in werklikheid minderwaardig?

Is dit dalk egter nét dat die meeste tradisionele stelsels van onderwys op 'n spesifieke benadering tot lees, skryf en rekenkunde fokus? Wat van daardie studente wie se natuurlike vermoëns hulle nie leen tot sukses op dáárdie spesifieke gebied nie? Wie en wat is werklik "dom"? Die Skrif sê vir ons "die HERE gee wysheid, uit sy mond kom kennis en verstand" (Spreuke 2:6). Hy het dit dalk nie aan elkeen van ons gegee op die maniere wat ons skole se onderwysers verwag het nie.

### 'n Breër siening

Dr. Kathy Koch is 'n opvoedkundige asook 'n skrywer en motiveringspreker wie glo dat almal slim is. Sy onderrig ook dat 'n nuwe begrip van "slim" nodig is. Hier is iets wat sy geskryf het in 'n boek met die titel, *8 Great Smarts: Discover and Nurture Your Child's Intelligences*: "Terwyl ek graad-twee leerders onderrig het, was dit vir my pynlik om te besef dat sommige kinders hulleself toe al reeds as óf 'slim' óf 'nie slim' geklassifiseer het. Hulle ouers het ook bygedra tot hierdie siening van die klassifikasie en dit is waarskynlik waar hulle kinders daaraan gekom het. Ek sou baie daarvan gehou het om die taal van intelligensie te hê ... Dit sou verhoudings, akademie, ons jaar en hulle toekoms binne 'n ander raamwerk geplaas het" (2016, bll. 16-17).

Dr. Koch wys daarop dat een van die tragedies om as "dom" bestempel te word, is dat mense die etiket kan glo en hulleself op belangrike maniere as minderwaardig kan beskou. Selfs as volwassenes bly baie mense minderwaardig voel omdat hulle die boodskap op skool gekry het dat hulle akademies nie die mas kon opkom nie, ten spyte van die feit dat hierdie boodskap gegrond was op 'n stelsel wat geneig is om diegene wat goed doen, binne 'n beperkte stel kriteria te beloon – hoofsaaklik in taal- en wiskundige vaardighede.

Hoewel hierdie vaardighede belangrik is, is dit slegs twee van die agt areas van intelligensie wat dr. Koch en ook baie ander mense glo waaroor alle mense beskik. Die ontdekking en ontwikkeling van die ander ses, kan mense help om sélf te ontdek dat hulle nié dom is nie, al het hulle nie goed gevaar in sekere vakke nie.

### Agt soorte vaardighede

Dr Howard Gardner, 'n professor in opvoedkunde aan die Harvard Universiteit, word gekrediteer met die ontwikkeling van die teorie van veelvuldige intelligensie. In 1983 het hy die boek *Multiple Intelligences* geskryf, wat die verskillende vaardighede en die betekenis van elkeen beskryf. Die opvoedkundige, Thomas Armstrong, Ph.D., het sedertdien die oorspronklike etikette vereenvoudig om dit makliker te maak om te verstaan. Hier is elkeen met 'n kort beskrywing:

**Taal vaardighede:** Dit is om in woorde te dink en te

geniet om te lees, te skryf, stories te vertel, dit te gebruik vir oorredingsvermoë, te vermaak of te onderrig.

**Logika vaardighede:** Dit beskryf mense wat die vermoë demonstreer om te redeneer, te kategoriseer en die oorsaak en gevolg met betrekking tot verhoudings te verstaan. Hulle het 'n natuurlike aanleg vir wiskunde, wetenskap, statistiek, raaisels en om vrae te vra.

**Visuele vaardighede:** Mense wat visueel dink en dit geniet om kuns te skep, te ontwerp, kunswerk te doen, fotografie te beoefen asook om speelgoed te bou, neig na hierdie vaardigheid.

**Musikale vaardighede:** Hierdie persone is bewus van ritmes en melodieë, het aanleg in musiek, sang of het 'n musikale oor. Dit beskryf hierdie tipe vaardigheid.

**Liggaamlike vaardighede:** Dit is om liggaamlike bewegings te kontroleer deur fisiese aktiwiteite soos sport of dans, maar ook naaldwerk of skrynwerk.

**Natuur vaardighede:** Indien u aangetrokke is tot die buitelewe en 'n sterk belangstelling het in diere, plante, klippe, sterre, kampeer, voetslaan en ander fasette van die natuur, het u waarskynlik hierdie tipe vaardigheid.

**Medemens vaardighede:** Diegene wat mense verstaan en in staat is om te onderskei en op te tree volgens die buie, bedoelings en begeertes van ander mense is medemenslik vaardig. Hulle geniet dit om saam met mense te werk, mense te leer ken en hulle maak dikwels goeie leiers.

**Persoonlike vaardighede:** 'n Persoon wat daarvan hou om te reflekteer en natuurlike goeie selfbegrip het, pas by hierdie tipe vaardighede. Hulle is geneig om gemaklike mense te wees deur hulleselfself te wees en is geneig om onafhanklik, doelgerig en selfgedissiplineerd te wees.

Deur ons begrip uit te brei van wat dit beteken om slim te wees, word dit makliker om te verstaan dat dit nie is of ons "slim" of "dom" is nie – die regte vraag om te vra is: "In watter opsigte is ek vaardig?" Wanneer ons dan die maniere verstaan waarop ons vaardig is, kan ons daardie vermoëns gebruik om sukses te behaal.

**Ontwikkel u vaardighede**

Wanneer ons rondkyk, sal ons sien dat die wêreld gevul is met suksesvolle mense wat uitblink in verskeie vaardighede wat nie in tradisionele klaskamers beloon word nie. Sommige belangrike bydraers tot die samelewing, soos Thomas Edison en Albert Einstein, het gesukkel in spesifieke gebiede op skool, maar het sigbaar gefloreer toe hulle ander aspekte van hulle eie intellek ten volle kon ontwikkel.

Deur Gardner se navorsing het hy vasgestel dat almal gebore word met die potensiaal om ál agt hierdie vorms vaardighede te ontwikkel en dat elkeen hiervan sal ontwikkel wanneer daar geleenthede is om daardie spesifieke soort vaardigheid te gebruik. Hoe kan u hierdie vaardigheid vind en geleenthede identifiseer om dit verder te ontwikkel? Dit is van onskatbare waarde indien u hierdie stap neem terwyl u 'n student op skool is, maar dit is nooit te laat om u vaardighede te identifiseer en u lewe te verryk nie.

Let eerstens op wat u van nature van hou om te doen. Hou u daarvan om te lees? Indien wel, is u waarskynlik "taalkundig aangelê". U kan egter ook "logies slim" wees indien u eerder speurverhale of misterieuse verhale verkies. Hou u daarvan om skaatsplank te ry of om te ski? Selfs indien u nie die basketbalspan se punteaantekenaar is nie, kan dit aandui dat u "liggaamlik-slim" is en kan ontwikkel om suksesvol te wees deur daardie aanleg te gebruik.

Wees op die uitkyk vir geleenthede om die vaardighede wat u reeds het verder te verbeter terwyl u moeite doen om aktiwiteite aan te pak wat daardie vermoëns ontwikkel wat vir u minder natuurlik is. Byvoorbeeld, indien u baie min aanleg op die gebied van musikale vaardighede het, gebruik u ander vaardighede om uself bloot te stel aan maniere om daardie vaardigheid te ontwikkel – miskien deur musiekgeskiedenis te bestudeer of selfs 'n instrument te leer speel. Terwyl u dit doen, sal u nie net nuwe vaardighede ontwikkel nie – u sal ook meer

# Waar is God se ware Kerk vandag?

**Duisende verskillende kerklike organisasies verkondig dat hulle Jesus Christus navolg. Tog onderrig hulle duisende verskillende “evangelies” en kan oor tallose leerstellings nie ooreenstem nie.**

**Is Jesus Christus die Hoof van al hierdie kerklike organisasies? Is Christus verdeeld? Of is daar ’n ware Kerk van God wat afgesonder is van hierdie godsdienstige Babilon? Hoe kan u God se ware Kerk herken!**

**Skryf in of skakel ons gerus vandag nog om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!**

***Vervolg van vorige bladsy***

selfvertroue kry om ander nuwe uitdagings aan te pak – vry van vrese dat u “dom” is en nie kan ontwikkel nie.

Ons het almal God-gegewe talente en vermoëns wat ons behoort te ontwikkel wanneer die geleenthede hulle voordoen – soos Jesus Christus in die gelykenis van die talente verduidelik het (Matthéüs 25:14-30). Selfs al het u nog nie geïdentifiseer oor *watter* vaardighede u beskik nie, kan u seker wees dat dit *wel* daar is en wag om ontdek te word. Wanneer u dit eers ontdek het en 'n punt daarvan maak om dit te ontwikkel, sal u sélf die waarheid ervaar dat u *nié* dom is nie. WvM

# Die Bybel: Feit of fiksie?

***Is die Bybel net ’n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!***

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

# 'n Teken van God se skepping
## Selfs die winter verheerlik Hom

**Deur Jonathan McNair**

Kulture regoor die wêreld het lankal die kortste dag van die jaar (21 of 22 Desember in die Noordelike halfrond en 20 of 21 Junie in die Suidelike halfrond) as 'n dag vir spesiale seremonies en vierings beskou. Wanneer die Kersseisoen – gevul met die kenmerke van hedendaagse materialisme onder 'n dekmantel wat antieke heidendom versluier – stadig vervaag in ons geheue, is dit maklik om 'n negatiewe siening van die "seisoen van die wintersonstilstand" wat nou agter die rug is, te hê.

Van A tot Z het die wintersonstilstand 'n deurslaggewende rol gespeel in heidense godsdienstige praktyke regdeur die geskiedenis – van die Amaterasu-fees in Middeleeuse Japan (viering van die songodin se herverskyning vanuit haar grot) tot die Ziemassvtki-fees in antieke Letland (ter ere van die geboorte van Dievs, die oppergod van die Lettiese mitologie).

Heidense aanbidding van en op die wintersonstilstand word deur die Skrif veroordeel (Jeremia 10:1-4). Wanneer ons egter die wonders van God se skepping aanskou soos wat Hy vir ons bedoel het, kan ons let op wat die apostel Paulus geskryf het en hierdie tyd van die jaar toelaat om ons te help om een van die baie wonderlike dinge te waardeer wat die wáre God gedoen het. Paulus skryf: "Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie" (Romeine 1:20).

**Dit is nodig vir die samelewing om te kalmeer**

Die wintersonstilstand self het geen Christelike godsdienstige betekenis nie. Dit dui eenvoudig op 'n belangrike punt in die wonderlike verloop van die seisoene wat God geskep het. Vir dié van ons wat in gematigde klimate woon waar ons gewoond geraak het aan die verandering van seisoene, sou dit moeilik wees om 'n herfs sonder die veranderende kleure van die blare of 'n lente sonder nuwe ontluikende blomme voor te stel.

Daar is egter meer. In die kouer streke van die gematigde klimaatstreke het baie van die plante wat God geskep het die koue wintertemperature *nodig*. Baie daarvan vereis die proses van *vernalisasie* – waartydens plante of sade wat in die lente blom of ontkiem, 'n lang tydperk van koue moet verduur, gemeet in wat genoem word "koue ure". Appels benodig oor die algemeen die meeste "koue ure" en appelkose, perskes, neute en bessies benodig ook 'n sekere aantal "koue ure" om hulle vrugte te produseer. Die kort, koue dae van die winter is vir hierdie plante noodsaaklik.

Wat van daardie esdoringstroop wat u so graag soggens oor u wafels gooi? Sonder die winterkoue, gevolg deur die begin van die lente, sou daardie goue, soet nektar nie vloeibaar wees nie. Waar ek en my gesin vantevore gewoon het, het ons uitgesien na die tyd toe die nagte nog onder vriespunt was, maar die dae het warmer geword tot net 'n entjie bokant daardie merk. Wanneer dit gebeur het was ons esdoringbome gereed om getap te word. Met net 'n bietjie werk was die emmers vol sap en gereed om tot daardie heerlike beloning afgekook te word.

Geen van hierdie wonderwerke van God se skepping sou moontlik wees sonder die verandering van seisoene nie. Ja, die wintersonstilstand is deel daarvan. Dit is so hartseer dat so baie misleide mense die geleentheid met vrees en bygeloof onderhou het. Baie van ons voorouers was so bang dat hulle wêreld in duisternis sou verval dat hulle verplig gevoel het om die son eerder as die God wat dit geskep het te aanbid. God het hiermee in gedagte vir die Israeliete gesê:

"Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie ... Maar die HERE is waarlik God, Hy is die lewende God en 'n ewige Koning" (Jeremia 10:2-4, 10).

Van die Amaterasu-fees tot Ziemassvtki het miljoene mense vóór ons, verblind deur Satan se misleiding, "die waarheid van God verruil [het] vir die leuen en die skepsel vereer en gedien [het] bo die Skepper" (Romeine 1:25). Hoe hartseer is dit dat, op verskillende maniere, baie van hierdie selfde misleiding deesdae voortduur.

Indien u meer wil weet oor God se ware Heilige Dae, wat Hom eer en Sy plan vir die mensdom openbaar, lees ons boekie *Die Heilige Dae – God se meesterplan*. Dit sal u oë oopmaak vir die plan wat die Skepper van ons heelal vir die hele mensdom in werking gestel het. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 26 – Drie profesieë wat u lewe sal verander*

gemaak is en op hierdie oomblik gestalte aanneem: Die Jode het 'n Joodse staat en besit Jerusalem. Hulle is omring deur 'n vyandige wêreld en swaai die septer met 'n agressiewe militêre mag oor hulle vyande. Hierdie profesieë wat lank gelede uitgespel is, vind nou plaas vir enige iemand om waar te neem. Die bron van hierdie profesieë – die Bybel – sê vir ons dat offers weer in Jerusalem sal begin voordat 'n vreemde mag dit sal beëindig. Jesus Self waarsku ons meer as een keer teen 'n bedrieglike, valse Christendom.

Hierdie is profesieë waarop u kan staatmaak. Presidente kom en gaan, maar die Woord van die Almagtige God staan vir ewig! WvM

*Vervolg vanaf bladsy 20 – Tye van verkwikking*

klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek" (Jesaja 11:6-9).

Selfs terwyl ons sien hoe groot gebiede van die aarde verwoes word deur oorlog, misbruik en uitbuiting, kan ons hoop hê en uitsien na die herstel van hierdie soortgelyke tuin van Eden wat in die Skrif beskryf word. U kan meer uitvind, deur Die toekomstige wêreld: *Hoe sal dit wees?* op *wvm.co.za* te lees of versoek u eie gratis eksemplaar van die streekkantoor die naaste aan u. WvM


# Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

***Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!***

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

# Tye van verkwikking

## Ons planeet het herstel nodig

### Deur J. Davy Crockett III

Voel u ooit vasgevang deur stedelike uitbreiding? Verlang u na die vrede en rustigheid van 'n panoramiese uitsig met natuurlike skoonheid, sonder die rumoer, lawaai en dreuning van verkeer? Dink dalk aan 'n meer, gevoed deur 'n gletser, aan die voet van sneeubedekte berge en koel, vars lug wat u longe vul. Sou vars forel op die oewer van 'n vloeiende stroom water nie 'n heerlike aandete wees, wanneer 'n dag buite in die natuur tot 'n einde kom nie? Ek dink die meeste van ons sal daarvan hou om tyd in so 'n omgewing deur te bring. Daar is 'n knaende leegheid in die meeste mense wat wél gevul kan word deur tyd in 'n deel van God se ongerepte skepping deur te bring, al is dit net tydelik.

Baie setlaars kon meer as twee eeue gelede toe hulle in die Verenigde State met erns hulle weswaartse tog begin het, voorsien dat die skoonheid van die natuur in sommige van die skouspelagtigste plekke op aarde kort voor lank deur nedersettings of kommersiële ontwikkeling bederf sou word. Mense met 'n toekomsvisie het druk uitgeoefen op state en die federale regering om sommige van hierdie ongerepte gebiede vir die nageslag opsy te sit. Hierdie druk het die Amerikaanse Kongres en president Abraham Lincoln aangespoor om die *Yosemite Valley*-gebied in 1864 onder die beskerming van Kalifornië te plaas.

Met verloop van tyd is die *U.S. National Park System* gemagtig om hierdie pragtige gebiede te bewaar, wat deesdae nasionale skatte is. In 1872 was *Yellowstone* die eerste gebied wat tot nasionale park verklaar is. Die *National Park System* is in 1916 gestig, met die gesag om die gebruik en ontwikkeling van *National Park System* eiendomme te bestuur. Baie asemrowende, skilderagtige en unieke gebiede is bygevoeg en het 'n bron van nasionale trots en groot genot vir generasies van Amerikaners en miljoene internasionale besoekers geword.

**Paradys, verlede en toekoms**

Die mensdom het sy bestaan op 'n ongelooflike mooi en welvarende plek begin. Dit was 'n tuin met die naam Eden, wat deur die Skepper vir die eerste mense uitgelê is. U ken die verhaal: Onder die invloed van 'n bose wese wat ons as Satan ken, het Adam en Eva, God se duidelike opdragte verwerp en is uit Eden verdryf. Sedert daardie tyd het die mensdom voortdurend, eens pragtige dele van die aarde bemors. Grondvernietigende boerderypraktyke, ontbossing, besoedeling van die omgewing en oor-ontwikkeling het die landskap beskadig en groot dele van die aarde geruïneer.

Terwyl Amerikaners baie dankbaar kan wees vir die toekomsvisie en vasberadenheid van diegene wat die pragtige gebiede van nasionale parke vir hulle genot en inspirasie bewaar het, het baie van die mensdom nie toegang daartoe nie. Dit sal egter nie altyd die geval wees nie. "Tye van verkwikking" kom, wat "die wederoprigting van alle dinge" behels (Handelinge 3:19-21). Die antieke profete het dikwels gepraat van hierdie wonderlike transformasie van verlate gebiede, wat sal begin met die Wederkoms van die Messías. Jesaja het baie daaroor te sê. Ons lees: "... want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies" (Jesaja 35:6-7).

Jesaja voorspel ook 'n groot verandering van die omgewing waarin die mensdom leef:

> "Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n

*Vervolg op bladsy 19*

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

weet hy nie dat hy gebrek gaan ly nie" (Nuwe Lewende Vertaling). Geld wat vinnig verkry word, is geneig om vinnig te verdwyn.

Die begeerte na finansiële sukses moet in behoorlike perspektief gesien word: God se woord leer geduld, ywer en vertroue in Hom as die voorsiener van daardie sukses. "Die seën van die HERE – dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie" (Spreuke 10:22). Indien ons die lesse van 'n godvrugtige lewe leer en na God kyk om ons van hulpbronne te voorsien, sal daar geen hartseer daarby gevoeg word nie. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Drie profesieë wat u lewe sal verander*

2023 die aanval op Israel deur die Hamas-terroriste plaas, wat weereens die Midde-Ooste in onrus dompel.

Hierdie tweede Trump-administrasie sal 'n beduidende verandering in die rigting bring met betrekking tot Israel en sy vyande. Baie mense is weer hoopvol dat 'n mate van vrede bereik kan word. Die vraag bly egter: Kan die nuwe V.S. president blywende vrede in daardie streek teweegbring? Die antwoord is *nee* – nie volgens Bybelprofesie nie. God waarsku deur sy profeet Sagaría dat daar die teenoorgestelde van vrede sal wees en voorspel die toestand van die streek vir ons tyd. "Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot 'n beker van bedwelming, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem. En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word" (Sagaría 12:2-3).

Daar is baie vervat in hierdie twee verse. Ons leer dat daar geprofeteer is dat Juda – dit is die Jode – Jerusalem sal beheer. Hierdie profesie sou vir baie honderde jare onvervuld bly. Die Romeine was moeg vir die Jode en het hulle in 135 n.C. uit Jerusalem verdryf. Daar was géén Joodse staat van daardie tyd af tot in 1948 nie. Selfs toe, het hulle nie die hele Jerusalem beheer nie, totdat die Sesdaagse Oorlog in 1967 plaasgevind het.

Ons leer ook uit hierdie verse dat Jerusalem "'n beker van bedwelming" en "'n baie swaar klip vir al die volke" sou wees. Daardie woorde is deur Sagaría geskryf toe Judaïsme die enigste godsdiens was wat op Jerusalem aanspraak gemaak het. Dit sou nog 500 jaar lank duur voor die koms van Christendom en nog 600 jaar daarna voordat Islam op die toneel verskyn het en dit is hierdie godsdienstige spanning wat die stad 'n swaar klip maak. Gedurende die Middeleeue het Rooms-Katolieke kruisvaarders uit Europa probeer om die stad van Islamitiese beheer te bevry. Meer onlangs was Jode en Arabiere in oorlog gewikkel oor die stad. Ja, dit is 'n baie swaar klip en almal wat probeer om dit op te tel, sal hom uiteindelik self daarmee seermaak.

Nog 'n verstommende detail van daardie verse is dat Jerusalem deur vyande omsingel sou word en "al die nasies van die aarde sal daarteen vergader" – gegrief oor die Jode die stad beheer. Deesdae is anti-Semitisme – skokkend genoeg – aan die toeneem regdeur Europa, Rusland en die nasies van Amerikaanse en Britse afkoms.

Sagaría eindig egter nie daar nie. God vertel aan ons deur Sy profeet van nog 'n merkwaardige feit – dat die Israeliese staat teen die eindtyd oor 'n magtige militêre mag sal beskik. "In dié dag sal Ek die stamhoofde van Juda maak soos 'n pan met vuur onder 'n hoop hout en soos 'n brandende fakkel onder gerwe – hulle sal regs en links al die volke rondom verteer; maar Jerusalem sal nog bewoond wees op sy plek in Jerusalem" (Sagaría 12:6).

Sagaría het dit 2,500 jaar gelede voorspel, maar besef u dat daar selfs 'n ouer profesie is wat dieselfde gebeure óók voorspel?

Die aartsvader Jakob, wie se naam na Israel verander is, het twaalf seuns gehad. Aan die einde van sy lewe het hy voorspel wat van elke seun se nageslag sou word namate hulle in stamme en nasies

*Vervolg op bladsy 24*

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Wat die wêreld van Amerika nodig het*

waarna God nog altyd verlang het hulle sou wees nie, maar ook 'n middel om onbeperkte seëninge te ontvang – nie net vir hulleself nie, maar vir alle mense in elke nasie van die wêreld.

Daardie seëninge sou nie net blote materiële seëninge wees nie. Amerika is vir baie dekades 'n bron van materiële seëninge vir die wêreld, maar die onopregte aard van daardie fisiese seëninge begin om om te draai en te verrot. Dit sou nie seëninge van "onbeperkte vryheid" wees nie – die vryheid van 'n treinwa wat uiteindelik van sy spore "ontspoor" is, wat buite beheer raak voordat dit bots, roes en verweer. Daardie seëninge sal eerder die *opregte* seëninge wees wat voortspruit vanuit die heerskappy van die Verlosser van die mensdom, die *gewig* van sondes afwerp wat mens verstrik en verdorwe, die gawe van Sy Heilige Gees ervaar en die transformasie wat dit meebring, asook die wette aanvaar wat 'n volk verhef soos hulle leer om toe te neem "in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker, Jesus Christus" (2 Petrus 3:18).

**Wat om te verwag**

Wat is die waarskynlikheid van so 'n ommekeer? Sal ons 'n nasionale bekering sien? Ons kan so 'n verandering van nasionale hart nie 'n *herlewing* noem nie, want sedert sy grondlegging was die Verenigde State van Amerika nog *nooit* in so 'n toestand van gehoorsaamheid soos wat die wêreld dit nodig het om te aanvaar nie.

Indien daar egter geen hartsverandering is nie, weet ons *wel* wat daar wag. Bybelprofesie maak dit duidelik: Ons wêreld sal binnekort die feitlik onbetwiste opkoms van 'n vervalste Christendom in die gesig staar, wat regoor die hele aarde sal uitbrei: "... en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin" (Openbaring 6:2). Daardie bedrieglike, toegeeflike kerk – alreeds die "Christelike" norm in die wêreld vandag – sal gelei word deur 'n wonderwerkende valse profeet wat saam met die geprofeteerde "dier" van Openbaring sal werk in die vorm van 'n herleefde heilige Romeinse ryk in Europa (Openbaring 13:11-14).

Die gesamentlike ekonomiese, militêre en politieke kragreus wat hulle uitoefen, sal deurdrenk wees met godsdienstige ywer en dit saam sal die ondergang van die V.S. en ander nasies van Britse afkoms van die wêreld teweegbring in 'n tyd van lyding, bekend as die Groot Verdrukking. Baie profesieë in die Ou en Nuwe Testament, met inbegrip van Jesus Christus se eie woorde, beskryf hierdie komende tyd as een van lyding "soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie" (Matthéüs 24:21). Gedurende daardie jare sal die vervolging van *ware* Christene – diegene wat die Tien Gebooie onderhou en die geloof en werklike leerstellings van Jesus Christus volg (Openbaring 12:17) – wreedaardig wees aangesien die valse, vervalste Christendom seëvierend regeer. Die goddeloses van die wêreld sal verryk word en diegene wat toegee, sal veiligheid geniet en die regverdiges sal ly.

Daardie jare sal voortduur totdat Christus terugkeer en Sy Koninkryk vestig – wat daardie valse stelsel sal vermorsel en dit sal wegwaai soos stof in die wind (Daniël 2:34-35, 44).

Die wêreld het *geestelike* leierskap van Amerika nodig. Die wêreld het die V.S. nodig om te bekeer van sy nasionale ongehoorsaamheid aan God en dit is nodig dat sy burgers hulle Skepper en Sy wense vir hulle nasie, hulle gesinne en hulle individuele lewens ten volle aanvaar. Dit mag dalk na 'n strawwe opdrag lyk, maar God beperk nie Sy eise tot daardie dinge wat waarskynlik sal gebeur nie. Indien Hy sy doel vir Amerika bereik voor Christus se Wederkoms of daarna, Hy *sal* Sy doel bereik – vir die V.S. en vir die res van die wêreld.

Intussen moet elkeen van ons individueel kies om voort te gaan en deel van die probleem te wees – diegene wat kies en keur tussen die bevele van God en leerstellings van Jesus en dit verdraai met ons eie planne, doelwitte en gevoel van reg en verkeerd – óf om deel te wees van Christus se oplossing en alles wat Hy van ons vra ten volle te aanvaar. Die Vader soek nóú diegene wat presies dít sal doen (Johannes 4:23-24).

# Vrae & Antwoorde

## Hoe weet ons wat God dink oor dobbel?

**Vraag:** Dobbelary blyk vandag oral te wees – ek kan amper nie die radio aanskakel sonder om advertensies vir *DraftKings* of *FanDuel* te hoor nie. Is dobbel Bybels aanvaarbaar?

**Antwoord:** Die Skrif beveel ons: "Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie" (Exodus 20:17).

Dit is maklik om te sien hoe dobbel begeerlikheid aanwakker. Wanneer 'n mens dobbel, begeer 'n mens sy/haar naaste se geld. Hy/sy verdien dit nie of bied nie goedere of dienste aan in ruil daarvoor nie; hy/sy wil dit eenvoudig hê terwyl hy/sy niks terug aanbied nie. Die apostel Paulus stel hebsug gelyk aan afgodediens: "Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie" (Efésiërs 5:5).

Dobbelary ondermyn 'n goddelike liefde vir 'n mens se naaste. Die dobbelaar trek voordeel uit wat ander verloor. Dit behels 'n ander gees as wat ons in 'n speletjie of 'n wedloop vind, waarin die wenner 'n prys mag ontvang, maar niks word weggeneem van diegene wat nie gewen het nie. In dobbel verloor mense geld sodat ander geld kan wen.

Sommige sal dalk in die versoeking kom om te dink dat dit nie van toepassing is op die speel van 'n dobbelmasjien by 'n casino, 'n weddenskap op 'n sportspan, of ander vorms van dobbel waarin 'n mens "die dobbelhuis klop nie". Selfs in hierdie gevalle kom die winste maar van almal wat geld in die stelsel gestort het.

Dit is in stryd met God se groot gebod om ons naaste lief te hê. "Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet" (Romeine 13:10). God wil hê dat ons empatie met ander moet voel. "... wees bly met die wat bly is, en ween met die wat ween" (Romeine 12:15). Die dobbelaar wie wen is bly wanneer diegene wat nie gewen het nie lus is om te huil. "Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n" (Filippense 2:4). God wil hê ons moet Sy voorbeeld volg en 'n lewe lei van gee aan ander. Dobbel, daarenteen, plaas ons fokus op neem, nie gee nie.

Die liefde vir geld – en vir wat dit kan koop – verlei die dobbelaar om fisiese dinge bo verhoudings te plaas. Paulus het verduidelik dat "die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor" (1 Timótheüs 6:9). Dit kan selfs veroorsaak dat ons die waardevolste besitting van alles verloor – die ewige lewe. Soos Jesus Christus in Markus 10:23 sê: "Hoe beswaarlik sal hulle wat goed besit, in die koninkryk van God ingaan!"

Dobbelary ondermyn 'n goddelike werksetiek, soos ons deur die hele boek Spreuke sien. Byvoorbeeld, "Die planne van die vlytige is net tot voordeel, maar elkeen wat oorhaastig is, *kom* net tot gebrek" (Spreuke 21:5). Met ander woorde: "Getroue werk lewer wins op. Afskeepwerk lei tot gebrek" (Nuwe Lewende Vertaling).

Ons lees ook: "'n Betroubare man is ryk aan seëninge; maar hy wat haastig is om ryk te word, sal nie ongestraf bly nie" (Spreuke 28:20). Of, "'n Betroubare man sal geseën word. Een wat ten alle koste gou ryk wil word, gaan moeilikheid kry" (Nuwe Lewende Vertaling).

Verder lees ons weer: "'n Afgunstige man oorhaas hom om ryk te word, en hy weet nie dat gebrek oor hom sal kom nie" (Spreuke 28:22). "'n Geldgierige wil vinnig ryk word. Ongelukkig

*Vervolg op bladsy 21*

*Vervolg vanaf bladsy 21 – Drie profesieë wat u lewe sal verander*

toegeneem het – nie in daardie era nie, maar meer as 3,700 jaar in die toekoms, aan die einde van hierdie tydperk. "Daarna het Jakob sy seuns geroep en gesê: Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wedervaar" (Génesis 49:1). Was hierdie profesieë die gevolg van 'n bejaarde en hallusinerende kranksinnige man of was dit gegee onder God se inspirasie? U is die regter: Kom ons lees wat Jakob gesê het oor Juda, die vader van die Jode, in die laaste dae. "Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. Juda is 'n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag?" (Génesis 49:8-9).

Is dit nie presies wat ons sien nie? Keer op keer is die leeu opgewek. Terwyl die Hamas-terroriste Israel in Oktober 2023 wreed aangeval het, het hulle die leeu in die oog gesteek en hulle het 'n duur prys daarvoor betaal. Israel het beide Hamas sowel as Hezbollah effektief uit die weg geruim.

In die boek van Jesaja is nog 'n profesie oor die Jode. Dit is gerig aan "Ariël" en terwyl daar getwis is oor wat daardie woord beteken, stem feitlik alle geleerdes saam dat dit 'n profesie is oor die huis van Juda en Jerusalem. Die vroeë vervulling daarvan was gedurende die tyd van Assiriese koning Sánherib, maar daar is duidelik ook 'n eindtydse vervulling. Let op hoe die Jode se vyande oorwinning verwag, net om wakker te word en te besef dit is niks meer as 'n droom nie, net 'n illusie.

> "En soos 'n droom, 'n naggesig, sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog toe trek teen Áriël, ja, almal wat teen hom oorlog toe trek en teen sy bergvesting en hom benoud maak. En soos 'n hongerige droom dat hy eet, maar hy word wakker en – sy siel is leeg; en soos 'n dorstige droom dat hy drink, maar hy word wakker en – hy is moeg en sy siel versmag: só sal die menigte van al die nasies wees wat oorlog toe trek teen die berg Sion" (Jesaja 29:7-8).

Daar sal egter 'n tyd kom wanneer die Joodse staat omvergewerp *sal* word en dit sal nodig wees dat die Messías, bekend as Jesus Christus, sal terugkeer om die Jode te red. Sagaría beskryf alle nasies wat teen die kleine Israel bymekaarkom:

> "Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad [wat 'n verdeelde stad aandui] sal uitgaan in ballingskap; ... En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant" (Sagaría 14:2-4).

Nee, daar sal geen vrede in daardie deel van die wêreld wees nie, dit maak nie saak wie die president van die Verenigde State is nie. Daar mag dalk 'n kortstondige uitbundigheid wees oor wat voorkom as vrede, maar dit sal nie lank aanhou nie. Die apostel Paulus het gewaarsku: "Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie" (1 Thessalonicense 5:3). Die konteks sê vir ons dat dit na die eindtyd verwys.

**Daaglikse offers in Jerusalem**

Ja, dit is maklik verstaanbare profesieë aangaande die Jode en Jerusalem, wat 2,000 jaar en selfs 3,700 jaar gelede gegee is, wat op die oomblik vervul word en sigbaar is, alhoewel ons nie die spesifieke tyd van die meeste Bybelse profesieë begryp nie. Kom laat my een profesie verduidelik wat nog moet plaasvind terwyl ek hierdie artikel skryf. Dit is een wat letterlik enige tyd kan begin. Ons verwag nie dat dit lank sal neem nie, al kan ons nie 'n datum daarvoor vasstel nie. Een deel van hierdie profesie

sal 'n aftelling begin vir die tyd van Christus se Wederkoms. Ons lees hiervan in Daniël 12.

Daniël wou weet wanneer die einde sou kom en was meegedeel dat die visioene wat aan hom gegee was verseël was tot die eindtyd (Daniël 12:4). Dit "sal 'n tyd van benoudheid wees soos daar nie gewees het vandat 'n volk bestaan het tot op dié tyd nie" (vers 1). Dit sou 'n tyd van massavervoer en 'n dramatiese toename in kennis wees (vers 4) en die konteks dui duidelik aan dat dit die tyd van God se ingryping aan die einde van hierdie tyd sal wees (vers 1-4).

Die profeet wou nogtans weet wanneer al hierdie dinge sou gebeur, God het vir hom gesê dat die profesieë wat hy aangeteken het verseël sou wees tot die einde van die tyd. God het nietemin 'n teken geopenbaar om op ag te slaan, aangesien dit 'n aftelling tot die einde sou begin. "En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-twee-honderd-en-negentig dae verloop" (Daniël 12:11).

Daar was 'n vorige vervulling van die gruwel van verwoesting in die tyd van koning Antiochus Epiphanes in 167 v.C. toe hy varkbloed op die altaar van die Jerusalemse tempel geoffer het. Nog so 'n gruwel het plaasgevind toe leërs onder die Romeinse keiser Titus, Jerusalem en die tempel in 70 n.C. vernietig het. Daar is egter ook 'n finale eindtydse gruwel van verwoesting wat kom. Jesus het hiervan gepraat in wat ons die Olyfbergprofesie noem.

> "WANNEER julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet – dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy klere weg te neem nie. Maar wee die vroue wat swanger is en die wat nog soog, in daardie dae. En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie" (Matthéüs 24:15-20).

Die volgende twee verse gee aan ons die tydsbepaling van die profesie – die einde van die tyd wat lei na Christus se Wederkoms. "Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word" (verse 21-22).

Daaglikse offers is vir die grootste deel van 2,000 jaar nie in Jerusalem geoffer nie. Die duidelike gevolgtrekking is dat offers eers moet begin. Let dus op na wanneer Jode weer begin om daaglikse offers te bring. Ons kan weet dat wanneer dit gebeur, die einde nie ver kan wees nie. Die beëindiging van daardie offers sal 'n aftelling inisieer wat lei tot die Wederkoms van Jesus Christus (Daniël 12:11).

**Vervalste Christendom**

Laat ons nou oplet na nóg 'n profesie wat op die oomblik vervul word, een wat duidelik is vir diegene wie oplettend is. Johannes was die laaste een van Christus se oorspronklike Apostels om te sterf. Hy was 'n groot genoeg probleem vir die owerhede dat hy selfs op 'n baie gevorderde ouderdom na die eiland Patmos verban was – 'n strafkolonie in die suid Egeïese See. Daar het God vir hom visioene gegee wat 'n tydlyn van eindtydgebeure uiteensit.

Daardie tydlyn was geenbaar op 'n boekrol met sewe seëls wat net die Lam van God, Jesus Christus, kon oopmaak (Openbaring 5:3-9). Wanneer die Lam die eerste vier seëls oopmaak, vind ons die bekende "vier ruiters van die Apokalips". Baie mense het van hulle gehoor en baie mense praat van hulle, maar min mense kan aan u vertel wat hulle simboliseer, soos wat wyle Richard Ames ons herinner het.

Terwyl die seëls oopgemaak word, sien ons eers 'n wit perd met 'n ruiter wie 'n boog dra en "hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin" (Openbaring 6:1-2). Dan sien ons 'n tweede ruiter op 'n rooi perd, met 'n "groot swaard" om "vrede van die aarde af weg te neem" (verse 3-4). Wanneer die derde seël oopgemaak

word, sien ons 'n man wat op 'n swart perd ry, wie 'n weegskaal dra wat koring en gars afweeg (verse 5-6). Die vierde ruiter op 'n vaal perd, word gevolg deur die dood. Die ruiter van die rooi perd simboliseer oorlog, die ruiter van die swart perd simboliseer hongersnood en die ruiter van die vaal perd simboliseer pes – maar wat van die eerste ruiter op 'n wit perd?

Kommentators identifiseer hierdie eerste perd en sy ruiter as Christus of Sy volgelinge wat die Evangelie versprei. Hulle maak hierdie fout omdat ons in Openbaring 19 lees van 'n wit perd wat "Die Koning van die konings en die Here van die here" dra – 'n duidelike verwysing na Jesus Christus (verse 11 en 16). 'n Noukeurige ondersoek hieroor openbaar belangrike verskille tussen hierdie twee ruiters. Die een ruiter dra 'n boog, terwyl die ander ruiter 'n skerp swaard vashou. Dit is betekenisvol, maar wat beteken dit? Ons het in hoofstuk 5 gesien dat net Christus die seëls kan oopmaak en wanneer ons na Christus se woorde kyk wat elders gespreek was, vind ons die antwoord.

Tydens Sy laaste besoek aan Jerusalem het Jesus en Sy dissipels die tempel besoek. Terwyl hulle daardie manjifieke kompleks verlaat, het hulle hul verwonder oor die skoonheid en grootsheid daarvan. Dit was toe dat Jesus hulle geskok het en sy ontnugterende toekoms vir die tempel verklaar het. "Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie" (Matthéüs 24:2). Ons kan verstaan dat die dissipels wou weet wanneer so 'n verskriklike gebeurtenis sou plaasvind en hulle wou ook weet wanneer die eindtyd sou aanbreek. "En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" (Matthéüs 24:3).

Die heel eerste teken wat Christus openbaar het, behoort alle belydende Christene te skok. Ongelukkig lees die meeste oor dit wat Hy gesê het en dink dat dit nie op hulle van toepassing is nie. "En Jesus antwoord en sê vir hulle: Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder my Naam kom en sê: Ek is die Christus! en hulle sal baie mense mislei" (verse 4-5). Om in die Naam van Christus te kom, beteken om Hom te verteenwoordig. Wanneer die balju kom aanklop en sê: "Maak oop in die naam van die gereg", sê hy dat hy die gesag van die wet verteenwoordig en dra. Christus sê dat baie mense in Sy Naam sou kom en beweer dat hulle *Hom verteenwoordig* en sê dat Jesus die Christus is en sodoende die meerderheid van mense, nié die minderheid nie, sou mislei.

Jesus het toe tekens gegee wat oorlog, hongersnood en pes openbaar (Matthéüs 24:6-7) – presies wat beskryf word deur die tweede, derde en vierde ruiters van Openbaring. Indien ons Jesus die seëls laat oopmaak, sien ons duidelik dat die eerste ruiter Hom nie verteenwoordig nie. Dit verteenwoordig *'n bedrieglike, valse Christendom.*

Afvallige Christendom is niks nuut nie. Oorloë, hongersnood, pessiektes en aardbewings ook nie. Dit is waarom Jesus Sy dissipels gewaarsku het dat "wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie skrik nie; want dié dinge moet eers plaasvind, maar dit is nie dadelik die einde nie" (Lukas 21:9). Terwyl Jesus die betekenis en volgorde van die vier ruiters verduidelik, fokus die boek Openbaring dus op 'n veel ernstiger voorkoms van hierdie plae op die mensdom soos wat nog nooit tevore ervaar is nie.

Die Bybel waarsku ons oor die koms van 'n groot valse profeet wat binnekort sal verskyn en die hele "Christelike" wêreld sal mislei met tekens, wonders, dwase entoesiasme en emosie, soos wat Satan deur hom sal werk. Let op hierdie gedeelte uit Openbaring: "EN uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak ... Hy doen ook groot tekens, sodat Hy selfs vuur uit die hemel laat neerdaal op die aarde voor die oë van die mense" (Openbaring 13:11, 13).

Ons het uit Bybelse profesieë gesien dat daar geen vrede in die Midde-Ooste sal wees voordat Jesus Christus ingryp nie. Ons sien profesieë wat 2,500 en 3,700 jaar gelede

*Vervolg op bladsy 19*

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

gevind word om vuur uit die vuurherd te gaan haal of om water uit die kuil te skep nie" (Jesaja 30:12-14).

Ons hoop almal dat die volgende vier jaar beter sal wees as die onlangse vier jaar en ons hoop dat ons nasies hulle in opregtheid en waarheid tot God sal wend – dit moet egter nog gesien word. Dit lyk deesdae asof die V.S. sy vertroue eerder in 'n mens as in die Skepper van die heelal sal plaas. Dit herinner ons aan die nadraai van 9/11, toe Amerikaners patriotisme met bekering vervang het. Dit het nogtans 'n tydelike voordeel ingehou, maar is ons wêreld vandag veiliger as wat dit in 2001 was? Baie mense glo ons is nader aan die Derde Wêreldoorlog as ooit tevore. Al wat dit sal neem, is een misrekening vir die kernbomme om te vlieg.

**Voorspellings wat u kan vertrou**

Wat kan Amerikaners en ander burgers van ons wêreld dus verwag vir 2025 en die jare onmiddellik daarna? Waar moet ons die antwoord soek?

Baie voorspellers voorspel wat in die nabye toekoms voorlê. Sommige van hulle baseer hulle voorspellings op hulle begrip van geopolitiek. Daar is diegene wat, soos Nostradamus, kriptiese uitsprake en vae stellings gemaak het waaruit volgelinge iets uit niks probeer maak. Ander voorspellers maak wilde afleidings van skrifture wanneer hulle hul eie geliefde teorieë in die Bybel inlees. By die *Wêreld van Môre* weet ons dat ons ons tog na die Bybel moet wend om die toekoms van ons wêreld te verstaan – en hoewel ons nie die presiese tydsberekening van die meeste Bybelprofesieë kan weet nie, *kan* ons die algemene tydraamwerk weet van dit wat voorlê.

Sommige mense kom verkeerdelik tot die gevolgtrekking dat ons geen idee kan hê wanneer Christus sal terugkeer nie – "Hy kan vanaand of duisend jaar van nou af kom". Selfs bekende TV-evangeliste maak sulke onkundige bewerings om hulle idee te bevorder dat Hy dalk "vanaand of 'n duisend jaar van nou af" kan terugkeer. Baie mense haal Christus se stelling verkeerdelik aan dat "van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen" (Matthéüs 24:36). Om hierdie gedeelte egter uit konteks te neem, doen groot skade aan die begrip van Jesus se woorde.

Die stelling is natuurlik waar – niemand weet watter *dag* of *uur* nie. Ons moet egter kyk na die konteks waarin Hy daardie stelling gemaak het wat ons gedetailleerde tekens gee wat lei na die einde van die tyd en Sy Wederkoms. Twee vrae aan die begin van hierdie profesie – wat dikwels die Olyfbergprofesie genoem word vanweë die plek waar Christus dit gegee het – het die toneel voorberei vir wat volg: "En toe Hy op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom en sê: Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, [die vernietiging van die tempel in Jerusalem, vers 2] en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?" (Matthéüs 24:3).

Ja, daar wás 'n vorige vervulling in 70 n.C. toe die Romeine Jerusalem en die tempel vernietig het en daar sal ook 'n eindtydse vervulling wees. Sommige tekens wat Christus gegee het is op albei vervullings van toepassing. Aangesien Hy nie in 70 n.C. teruggekeer het nie, moet verse 32-33 ook van toepassing wees op die tyd van Sy Wederkoms. Nadat Jesus talle tekens gegee het, het hy hierdie waarskuwing gegee: "En leer van die vyeboom hierdie gelykenis: Wanneer sy tak al sag word en sy blare uitbot, weet julle dat die somer naby is. So weet julle ook, wanneer julle ál hierdie dinge sien, dat dit naby is, voor die deur" (Matthéüs 24:32-33). Hierdie is die konteks daarvan dat

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:
e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.

"dié dag en dié uur" nie geken sal word nie en dit klink nouliks na die proklamasie van 'n onbepaalde tydraamwerk vir die einde van die tyd.

Ons by die *Wêreld van Môre* neem hierdie waarskuwing ernstig op: "Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou *hulle* tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! – sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk" (Spreuke 24:11-12).

Dit is waarom ons by die *Wêreld van Môre* ons na Bybelprofesieë wend en dit met ons intekenare deel. Ek hoop u sal my artikel elders in hierdie tydskrif lees, waarin drie Bybelse profesieë bespreek word wat almal van ons in die komende jare sal raak. Vergeet ook nie Wallace Smith se artikel in verband met wat die wêreld van Amerika nodig het nie – ook in hierdie tydskrif te vind. U sal self sien hoe Bybelprofesieë nie 'n totale raaisel vir Jesus Christus se getroue volgelinge is nie en hoe dit in werklikheid 'n groot invloed op die lewens van u en u geliefdes sal hê in die jare wat voorlê.



# Wêreld van Môre
# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**